LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

01-02-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 4 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2016:**

- **ATLETIEK TEEN VRYHEIDSMONUMENT:**
  Die byeenkoms begin Woensdag, 3 Februarie om 14:30 by Hoër Volkskool se bane. Atlete moet asb 14:00 aanmeld.
- WOENSDAG, 3 FEBRUARIE 2016, VERDAAG DIE SKOOL OM 13:00.
- **ATLETIEK - HEIDELBERG KAMPIOENSKAPPE - 5 FEBRUARIE 2016**
  Bogenoemde byeenkoms begin om 08:30 te Hoër Volkskool se velde. Al die leerders en atlete meld aan by die Hoër Volkskool. Dit is 'n gewone skooldag, alhoewel daar geen formele onderrig op Vrydag, 5 Februarie is nie.

2 **KULTUURAAND**:

Datum: 19 Februarie 2016
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Poortjie saal
Drag: Formeel
Gaskunstenaars: Kevin Leo en Jakkie Louw
Koste: R300 per persoon
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke (SLEGS 5 TAFELS) is nog beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

ONS HERINNER NET AAN DIE KELNERS SE R130 WAT NOG BETAALBAAR IS VIR HULLE KLERE EN KOS VIR DIé AAND.

3 **REKENINGSTAAT**:

Op die rekeningstate wat die ouers ontvang is die volgende:

- Slegs Graad 1-3 leerders word R120 gehef vir Lalieboeke.
- Graad RR, R en tot Graad 7 leerders word R150 gehef vir Revue

4 **RUGBY**:

- Oefening begin Maandag, 8 Februarie vir 0/9 - 0/13.
- Pa en Seun rugby-braai is op Dinsdag, 9 Februarie 2016 om 18:00 - 21:00. Briewe sal uitgestuur word om getalle te bevestig.
- ONTHOU: Rugby en Netbal teen Laerskool Edleen, tuis op 25 Februarie.
- Super 8 rugby- en netbal vind vanjaar weer plaas in Kroonstad vanaf 8-9 April.
- Oefentye: Maandae, Dinsdae en Donderdae.

5 **NETBAL**:

- Alle 0/9 - 0/13 netbaldogters begin Maandag, 8 Februarie oefen.
- Oefentye: Maandae, Dinsdae en Donderdae

0/6 - 0/8	Mini-Netbal begin in Maart
0/9; 0/10 en 0/11	14:15 - 15:15
0/12 & 0/13	15:15 - 16:15

6 **SKOOLREDENAARS VIR 2016:**

Seniors - 10 Februarie Juniors - 11 Februarie

Besoek gerus atkv@org.za vir wenke en riglyne i.v.m. toesprake.

7 **"LOCKERS":**

Daar is lockers beskikbaar vir die Graad 4-7 leerders teen R200 per jaar. Indien u belangstel, kry 'n vorm by Tannie Heléne by Volkie Vere klerewinkel. Dié wat eerste hulle vorms voltooi en gelde betaal het, gaan gehelp word.

8 **JUNIOR KOOR**:

- Koorkeuring vind hierdie week in skooltyd plaas. Alle kinders van Graad 1-3 wat vir koorkeuring wil kom en nie huidiglik in die koor sing nie, sal gekeur word. Al die Graad 1's word gekeur. Huidige Graad 2 en 3 koorlede gee slegs hul name weer op as hul weer wil sing. Kinders wat ingekom het in die koor sal teen 5 Februarie hul koorbriewe ontvang. Koor oefening begin dan Maandag, 8 Februarie, 13:15 - 14:00. Verdere inligting sal op die volgende koorbriefie deurgegee word.

SENIOR KOOR:

- Koorkeuring vind plaas op Woensdag, 10 Februarie van 14:00 - 15:00 (slegs vir nuwe koorlede). Oud-koorlede (ou Graad 3 Junior koorlede ingesluit) begin amptelik oefen op Woensdag,
  17 Februarie om 14:00 - 15:45.

9 **STUDIEMETODE-KLASSE:**

- Eerste kwartaal vind die studiemetode klasse plaas op Woensdae vanaf 16:00 - 16:50, vir Graad 4 in Juf Sanet se klas. Datums: 17 Februarie; 24 Februarie; 2 Maart; 9 Maart.
- Dit is noodsaaklik dat elke klas bygewoon moet word, aangesien dit op mekaar volg soos 'n kursus.
- Jy benodig: Eksamenblok; Gekleurde penne; "Highlighter"; Studiemateriaal word verskaf!

10 **MY SCHOOL CARD:**

Hierdie is een van SA se grootste fondsinsamelingsorganisasies. Dit gee JOU geleentheid om fondse in te samel vir die skool wanneer jy inkopies doen. Die skool word bevoordeel deur slegs jou MY SCHOOL CARD te wys. Aangeheg is die aansoekvorm wat u kan voltooi en terugstuur, KOSTELOOS.

11 **SKAAK**:

- Die skaak leerders moet onthou en deelneem aan die Ope Toernooi volgende Vrydag. Die Gegradeerde toernooi is volgende Saterdag en inskrywingsvorms is by Juf Monique.
- Skaakoefening begin Maandag, 8 Februarie 2016.
  Juniors is op Maandae vanaf 16:00 - 17:00 en Seniors op Woensdae vanaf 14:30-15:30.
- Die jaar se skaaktoernooie het afgeskop.
  1) Midvaal - Nie gegradeerde toernooi 23 Januarie 2016
  Louis Human (Gr 2) - 3de o/9 EN Pieter Human (Gr 4) - 1ste o/11
  2) Vaalrivier Skaakklub Gegradeerde toernooi 30 Januarie 2016
  Afdeling D (10 jaar en jonger)
  Danielle de Villiers (Gr 3) - 5de. 3.5 uit 5 gewen. (Performance rating - 651)
  Louis Human (Gr 2) - 8ste. 3 uit 5 gewen. (Performance rating - 574)
  Georg Fritz (Gr 4) - 10de. 3 uit 5 gewen. (Performance rating - 505)
  Afdeling C (14 jaar en jonger)
  LJ de Villiers (Gr 4) - 4de. 4 uit 5 gewen. (Performance rating - 1007)
  Lisa-Marie de Villiers (Gr 6) - 1ste meisie. 3 uit 5 gewen. (Performance rating - 689)
  Pieter Human (Gr 4) - 2.5 uit 5 gewen. (Performance rating - 587)
  Div Huisamen (Gr 2) - 2 uit 5 gewen. (Performance rating - 551)
  Afdeling B - Enige ouderdom (Gradering 1350 en laer)
  Brandt Huisamen - 3 uit 5 gewen. (Performance rating - 1003)

  Elke leerder kry 'n Performance rating by elke gegradeerde toernooi. Dit is hoe goed hy werklik gevaar het teen die spelers wat teen hom gespeel het. Dit is wat sy gradering op die ou einde op www.chessa.co.za gaan verander.
  Die volgende gegradeerde toernooi is Saterdag 6 Februarie by Hoër Volkskool.
  Daarna is dit Laer Volkskool se beurt 12 Februarie met 'n nie -gegradeerde toernooi vir Laerskool leerders en 13 Februarie se gegradeerde toernooi vir almal.
  Gaan loer op www.sedchess.co.za vir al die inskrywingsvorms.

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF

✂==========

ALMAL MOET ASB DIE SKEURSTROKIE VOLTOOI EN TERUGSTUUR SKOOLTOE

Ek, _____ ouer van _____

in Gr _____, wil asb die skrywes vanaf die skool soos volg ontvang:

MERK ASB DUIDELIK	X	BEVESTIG U E-POS ADRES
E-pos		
Harde kopie		
Lees op Facebook		
Lees op die School Communicator		